KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 51 Nr 20 31 Mei 2026

# Twee kerkvaders en die wederkoms

*Clemens* van Rome en *Augustinus* van Hippo het albei vas geglo in die wederkoms van die Here, maar hulle het dit verskillend beklemtoon.

*Clemens* het baie naby aan die tyd van die apostels geleef (ongeveer n.C. 95). In sy geskrifte sien mens ’n sterk verwagting dat Christus binnekort kan kom. Die vroeë kerk het geleef met die intense uitroep: “*Maranata — Kom, Here!*”

Die koms van Christus was seker én naby. Gelowiges moes daarom waaksaam, heilig en volhardend leef. Die fokus was minder op spekulasie oor tye en meer op gereedheid.

Sy toon herinner sterk aan: 1 Tessalonisense, Jakobus en Openbaring. Die gevoel is: leef elke dag asof die Here enige oomblik kan kom.

Teen *Augustinus* se tyd (4de–5de eeu) het die kerk reeds eeue lank bestaan. Daarom ontwikkel sy denke meer sistematies oor die geskiedenis en die wederkoms. *Augustinus* het vas geglo: Christus sal liggaamlik terugkom; die dooies sal opstaan; daar sal ’n finale oordeel wees; God ’n nuwe hemel en aarde sal bring. Maar hy was versigtig vir letterlike eindtydspekulasie. Anders as sommige vroeë kerkvaders het hy die “*duisend jaar*” van Openbaring 20 simbolies verstaan.

Volgens Augustinus: Christus regeer reeds nou deur sy kerk; die huidige kerktyd is in ’n sekere sin die “*millennium*”; die wederkoms kom aan die einde van die geskiedenis. Vir hom was die belangrikste nie om datums uit te werk nie, maar om getrou en barmhartig te leef terwyl ons wag op die Here.

Albei het dus vas geglo in die koms van die Here. Maar *Clemens* weerspieël die *vurige* verwagting van die vroeë kerk, terwyl *Augustinus* ’n meer *uitgewerkte* teologie van die geskiedenis ontwikkel het.

Die vraag vir die kerk *vandag* (ek en jy) bly dus in alle erns of ons net teologies daaraan glo dat Jesus weer kom, en of ons soos, die eerste Christene, ook met ‘n voltydse verwagting op die koms van die Here en die nuwe aarde lewe.

Ds. Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Nagmaal **Volgende week**: Les 13, Ps 91-1:6

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

**Dienspersoneel**

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 31 Mei | A07 | | Jan Nel | Riaan Fouche | Nicolai vd Merwe | Johan Hoogenboezem | Ronell Hoogenboezem |
| 07-Jun | A08 | | Leon Lourens | Riaan Van Schalkwyk | Luan van Niekerk | Adrian VNiekerk | Louise van Niekerk |

## KOLLEKTES

Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Teologiese studentekas** (by die deure)

Volgende week: **Emeritaatsversorging**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 01-Jun | Zenel | le Roux | B04 | 0832775854 |
| | Tinus | Prinsloo | B04 | 0828940982 |
| 02-Jun | Joanie | Klopper | B11 | 0721550345 |
| | Jeske | vd Walt | A13 | 0812519617 |
| | Jano | van Rooy | B12 | 0716832575 |
| 03-Jun | Willem | Prinsloo | B08 | 0817402884 |
| | Phia | Venter | B07 | 0832284404 |
| 04-Jun | Cathy | de Klerk | C09 | 0833039757 |
| | Susan | Grobler | B07 | 0846044422 |
| | Jacques | vd Westhuizen | C01 | 0834538700 |
| 05-Jun | Annamarie | van Wyk | B06 | 0724081354 |
| 06-Jun | Mandie | Potgieter | B02 | 0823536618 |
| | Alida | Smuts | A18 | 0833065038 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Mei | Elzette | Stephens | C10 | 0828990188 |
| | Johané | Stephens | C10 | 0828990188 |
| 01-Jun | Heinrich | Kotzé | A16 | 0837300933 |
| 02-Jun | Marnus | Beumer | A03 | 0834418095 |
| 03-Jun | Kara | Nagel | C10 | 0844072196 |
| 05-Jun | Christina | Burger | A12 | 0737223587 |
| 06-Jun | Ria | Dekker | C10 | 0823081508 |

## Nagmaalete

### Sop en Brood

Ons nooi u hartlik uit om saam te kom eet en lekker te kuier.

**Wanneer**: Sondag 31 Mei 2026 (om 12:00 - na afloop van die oggend-diens).

**U bring**: Eie drinkgoed, eetgerei en sopbeker/kommetjie.

**Kom ons geniet saam die gemeenskap van gelowiges!**

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Letitia Jonker sterk aan in die Unitas hospitaal (A6 – 0731438967).
- Lydia van Rooyen sterk aan na 'n nekoperasie (B10 – 0828569450).
- Cathy Smith het 'n draai in die hospitaal gemaak (C15 – 0833763912).
- Mariana Pelser sterk tuis aan na 'n val (C4 – 0826544789).
- Rita Dijkstra sterk aan in Unitas hospitaal nadat sy geval het (B7 – 0839682299).
- Thea Smit sterk aan na 'n skouer-operasie (A14 – 0825011445).
- ***Meelewing*** word betuig met Louis en Lize Dekker en familie na die afsterwe van Lize se moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Nagmaal

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word Sondag 31 Mei tydens al drie ons eredienste bedien.

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/

aletheaministry/

Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**-Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

Bybelse toer na

**Ethiopië**

Ontdek die land van Kus in die Bybel

Ethiopië is 'n land vol Bybelse geskiedenis, ou tradisies en pragtige natuurskoon.

- Sien Middeleeuse kastele in die hart van Afrika
- Kyk waar die Blou Nyl begin
- Slaap in die Danakil-woestyn naby die vulkaan Erta Ale
- Besoek die paleis van die koningin van Skeba en Axum — waar die verbondsark glo vandag bewaar word
- Kyk na die kerke in Lalibela wat uit rots uitgekap is

Voorlopige toer datum: **November 2026**
Kontak ds Maarten indien jy belangstel
072 143 1855

**J a g - v i r - j o u - K e r k**

*Die jagseisoen is oop!!*

Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk. Pa-seun, Pa-dogter jagters kan ook die projek ondersteun. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel Tjaart vd Walt – 082 824 2933






## *Susters: gee gerus jou naam op!*

Ons Susters het 'n span wat elkeen 'n mamma met 'n nuwe baba besoek. Die bedoeling is om die nuweling welkom te heet en 'n geskenkie wat die Susters voorsien dan aan die mamma te oorhandig. Uiteraard kry elkeen op die lysie 'n beurt om so 'n besoek te doen. Teen die pas wat nuwe babas in ons gemeente arriveer, beteken dit dat elkeen omtrent een beurt in 18 maande kan kry. Indien jy voel dit val in jou kraal, kontak asb vir Phia 082 541 6388.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**31 Mei**

Corlia van Biljon B14

Lourette vd Berg B16

Sonja vd Dussen B17

**7 Junie**

Cecilia Wolmarans B18

Esmé vd Berg C1, C15




## Plastiekdoppies

Ons gemeente wil graag deel wees van die bymekaarmaak van plastiese doppies. Dan word ons deel van *Sweethearts Foundation* (www.sweetheartsfoundation.org) wat ons ingesamelde klomp plastiese doppies kom oplaai en verder sorg vir her-sirkulering. Die uiteinde is dat ons bydraes iemand kan help om 'n rolstoel te kry.

Die projek is ideaal vir iemand wat graag uit wil reik maar net te besig is om nog iets op jou vurk te laai.

Dit neem geen ekstra tyd of geld nie.... Sit net 'n sakkie of 'n houertjie in jou kombuis en na 'n aantal maande sal die hoeveelheid doppies van langlewemelk-houers, vrugtesaphouers, koeldrank(soda) bottels en die klein waterbotteltjies jou verras! Bring dit in 'n plastiese sak dan kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea van Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word. Vir enige navrae WhatsApp Cornea van Niewenhuizen (064 532 6804)

## Musiekvoorspel inligting

### Psalm 122 - Oggenddiens

Psalm 122 is 'n Bedevaartslied wat deur koning Dawid geskryf is om die aankoms in Jerusalem vir verpligte godsdienstige feeste te vier. Dit beklemtoon die vreugde van gemeenskaplike aanbidding, die stad se strukturele en geestelike belangrikheid, en dien as 'n antieke oproep om vir vrede te bid.

**Psalm 22 - Aanddiens**

Psalm 22 word verstaan as 'n diep profetiese en messiaanse psalm. Geskryf deur Dawid met betrekking tot sy eie ernstige beproewinge, het die Heilige Gees hierdie woorde toesig gehou om die kruisiging van Jesus Christus perfek te voorspel. Dit word beskou as die "*Psalm van Golgota*", wat die lyding van Goeie Vrydag en die oorwinning van Paasfees oorbrug.




## Wyse Gryses

Maandag **8 Junie** 2026

om **12:00**

in die **kerksaal**

Dit is ons tradisionele Sop en Sjerrie ete met lekker broodjies.

Bring asseblief 'n sopbakkie en lepel saam.

Almal welkom!

## B Y B E L S K O O L

**4 Aug – 8 Sept 2026**




**Sprekers :** Dr Douw Breed, Ds Cassie Aucamp, Ds Maarten van Helden, Ds Lourens Venter, ens.

**Tyd en plek:** Dinsdae 19:00-20:30, GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp

Betaal in kerk rekening met *naam* en "*Bybelskool*" as verwysing

Kontak persoon: Christi Venter: 082 940 1555

# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**
Oudl: Wally Wallace, Phillip Vorster
**Onthef van die roeping as:**
Ouderling: WD le Roux, Jan Venter, Tom Kruger, Hennie Venter
Diaken: Gert Reinecke
**Ontslag** word toegestaan op 21 Junie 2026 tydens die aanddiens, aan:
Oudl : Gerrit Kamper, Werni Grüenenfelder

**Beroepingskommissie** – Kerkraad het goedgekeur dat Ds Maarten volgende jaar einde Maart 2027 emeriteer. Beroepingskommissie is aangewys om die volgende fase van beroeping van 'n herder en leraar te reël.

## Attessake soos op 28 Mei 2026

**Met attestaat aangesluit**
Francois en Maudie Erasmus met 1 dooplidmaat van GK Heidelberg (B04)
Carina van der Dussen van GK Waterkloofrand (A04)
Daniël d'Assonville van GK Waterkloofrand (A11)
Stoffel en Elsa Kruger van GK Bergsig (C11)
Izel Potgieter van GK Komatiepoort (A17)
Frans Erasmus van GK Heidelberg (B04)
Rita Vister van GK Amanzimtoti (C15)
Adri Rossouw van GK Dendron (A11)

**Opgeneem uit ander Kerke**
Dominique Scott van AGS (A12)
Arno Duvenage van NG Doornkloof (A03)
Amy Gray van NG Gemeenskap Kerk Moreleta (C10)
Louis Müller en Marie Malan-Müller van NG Lyttelton-Noord (C10)
Wilco en Anlee Breedt en 2 dooplidmate van NHK Centurion-Oos (A14)
Ronaldo en Carien Erasmus en 1 kind van NG Potchefstroom en GK Thabazimbi (B02)

**Met attestaat vertrek**
Lente Lubbinge na GK Pinetown (E01)
David Loock na GK Oranjerivier (B12)
Eben Bond na GK Stellenbosch (B04)
Cornel Heystek na GK Thabazimbi (C09)
Marijke Rebel na GK Pretoria-Meintjeskop (A01)
Fanus en Sophia Kruger na Johannesburg (C14)
Gerhard en Nicolene du Plessis na GK Wierdapark (A14)

**Vertrek sonder attestaat**
Liam Pilkington (E01)
Jennipher Sekhoto (E01)
Frans en Yolande Brand na VSA (C08)
Ignus en Inge van Rooy en 2 dooplidmate (C13)

**Gemeenskap beëindig**
Rina Fourie na NHK Koster (B07)
Daniel en Cimel du Toit met 2 dooplidmate na NG Doornkloof (C10)

# Liturgiese Riglyne

## *NAGMAAL*

**S O N D A G O G G E N D   09:00**

## MARANATA!

**Skriflesing**:
Op 1:7,8; 22:6-21
1 Kor 16:21,22
Gal 1:8,9; Rom 9:3
(1983)

**Teksvers**:
1 Kor 16:22 (Op 22:20)

**Sing**:
Sb 5-3:1,4,5
Sb 9-1:1,11
Ps 97:1,7
Ps 98:1,2
Sb17-3
Ps 145
Sb 18-6:1-5
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

In 'n geskrif uit die eerste eeu n.C. Die Didaché, staan die volgende by hierdie 2e laaste Bybelvers (Op 22:20) geskrywe:

"*Laat die genade kom en laat hierdie wêreld verbygaan!*
*Amen.*
*Hosanna vir die Seun van Dawid!*
*As iemand heilig is, laat hy kom!*
*En as iemand onheilig is, laat hy hom bekeer!*
*Maranata! (I Kor 16:22) Amen*"

Hierdie woorde was bedoel as die afsluiting van die gereelde Nagmaalsdiens.

Laat ons wat saam vashou aan die beloftes van die Woord wat in die Nagmaal afgeteken word, dan ook hierdie bede bid.

**S O N D A G A A N D   18:00**

## Waarom Word Jy 'n Christen Genoem?

**Skriflesing**:
Eksodus 19:1-6;
Op 1:4-8
(2020)

**Teksvers**:
Eksodus 19:6;
Op 1:5-6

**HK**: Sondag 12

**Sing**:
Ps 25:1,7
Ps 111:3,5
Ps 115:6,7,8,9
Sb 2-4:1,2,3
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Ons belydenis handel oor die Naam sowel as oor die amptelike titel van ons Here Jesus in Sondag 12.

Ons weet Jesus beteken Verlosser, omdat Jesus ons van ons sondes verlos, maar Christus is 'n beskrywing van die amp wat Hy beklee. Met ander woorde, watter gesag dra Jesus om wel hierdie taak te mag verrig?

In die Ou Testament leer ken ons die drie ampte van profeet, priester en koning, waarby ons Here Jesus as die Christus, die Gesalfde Messias al drie hierdie ampte beklee. Die vraag is egter waarom jy 'n Christen genoem word? Wat is jou rede?